LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

22-08-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 28 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 REVUE:

Leerders moet asb so gou as moontlik die R150 inbetaal by die registeronderwysers.

2 **SKAAK:**

Skaak oefening:

Maandae: Juniors oefen 15:00 – 15:45 (22 Aug - Gr 1 & 2) en (29 Augustus - Gr 2 & 3)
Woensdae: Seniors en liga spelers 14:30 – 15:30

3 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD - DEEL 2:**

Kunsstukke moet ingehandig word op 30 September. Tema: Diere (enige medium)

4 **KOOR**:

- Junior koor oefen Maandag vanaf 13:15 - 14:00 en Senior koor oefen Woensdag vanaf 14:00 - 15:00.

KOORAFSLUITING/KULTUURKONSERT:

Datum: Donderdag, 25 Augustus; Tyd: 18:00 vir 18:30; Plek: Skoolsaal; Kaartjies: R15 per sitplek.

Juniorkoorlede moet asb aanmeld by Juf Monique se klas in die vierkant teen 17:45.

Seniorkoorlede wie se ouers nie self na die konsert kom nie hoef eers om 19:00 aan te meld by Mnr Tiaan se klas. (Dit is prefekte en Graad 7 uitgesluit wat reeds om 17:15 moet aanmeld).

5 **LANDLOOP**:

- Volgende landloop is die D7-byeenkoms eerskomende Saterdag, 27 Augustus 2016 te Phoenix, Vereeniging.
- Spanlyste sal vandag of môre ontvang word van dié leerders wat deurgaan.
- U sal spoedig moontlik in kennis gestel word. Donderdag is daar geen landloop oefening nie.

6 **ATLETIEK 2017:**

Ons soek asb ouerhulp vir afrigting in atletiek (baan- en veld items) om vaardighede en -tegnieke in die 4de kwartaal vir die leerders aan te leer. Kontak asb vir Mnr Tewis by 0769050672.

7 **VARKFEES:**

- **HULP**:
  OUERS, VRA ASB VIR JOU KIND VIR JOU DIENSBRIEF.
- **TOEGANG**:
  - Daar is 'n spesiale aanbod vir slegs ons Volkie Ouers.
  - Naweekkaartjie vir R150 per volwassene en R100 per laerskoolkind. U kan dit by die registeronderwyser inbetaal ***net tot op 26 Augustus 2016.***
- **LIEWE HEKSIE VERTONING**:
  - Ouers moet kennis dra dat daar van die Hoër Volkskool personeel gaan wees wat die leerders gaan kom uit- en terug teken.
  - Indien ouers nog belangstel om kaartjies te koop moet dit vanaf Maandag, 22 Augustus by Hoër Volkskool gekoop word.

8 **VOLKIE FOKUS NUUSBULLETIN:**

Ouers moet asb so gou as moontlik, voor of op 16 September 2016, hul kinders se buitemuurse inligting en foto's vir Heléne Botha aanstuur by helenebotha@laervolkskool.co.za .

9 **INDIVIDUELE FOTO'S:**

Elke leerder ontvang vandag 'n bestelvorm met die inligting rakende die Individuele foto's. Merk asb u bestelling duidelik en stuur die regte gelde saam skooltoe vir die registeronderwysers voor of op 19 September 2016. Foto's word geneem vanaf 22 - 29 September 2016.

10 **NASKOOLSENTRUM**:

Ons is opsoek na enige bordspeletjies wat die kinders in die middae kan gebruik asook ou rekenaarprogramme soos Encarta of ander opvoedkundige programme en speletjies. Stuur asb kantoor toe.

11 **MINI-HOKKIE:**

Ons speel 25 Augustus, mini-hokkie by Arconpark. Al die kinders kan 13:00 by Kardoesie afgehaal word.

12 **KLEREDRAG**:

Ons begin op 1 September, somersdrag dra. U kan in die leerders se huiswerkboekie presies sien wat die reëls rondom somersdrag is.

13 **SKOOLBYWONING**:

Leerders is verplig om skool by te woon, volgens die Skolewet. Deurlopende assessering vind tans plaas in al die grade. Leerders wat assessering mis, moet 'n doktersbrief inhandig.

14 **KLUB1903:**

Ons braai, Vrydag, 26 Augustus 2016 om 18:00 by Paradys (Klubhuis). Die skool verskaf die vure, broodjies en sous. Daar gaan weer braaipakke te koop wees teen R30 vir kinders en R50 vir volwassenes. Bring asb u eie piekniekmandjie met eetgerei, glase en drinkgoed saam. Voltooi asb die onderstaande skeurstrokie ter wille van getalle en stuur kantoor toe. Die gelde word Vrydag betaal wanneer u die braaipakke gaan afhaal.

15 **SUPER 8 TENNIS:**

Daar het 4 Graad 7 leerders die naweek aan die Super 8 tennis deelgeneem. Baie geluk aan Mika Cronje, Roux-Ché Roux, Armand Carstens en Rudi Korb wat goeie tennis gespeel het en met verskillende welslae uit die stryd getree het. Baie dankie vir al ons ouers se ondersteuning en aanmoediging.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF

✂==========

VOLTOOI EN STUUR TERUG KANTOOR TOE
KLUB1903 BRAAI

Ek/Ons, _____ ouers/voogde van

_____ in Graad _____, sal graag die KLUB1903 se braai wil bywoon.

Aantal Volwassenes: _____ Volwassenes braaipakke: _____

Aantal kinders: _____ Kinder braaipakke: _____

HANDTEKENING VAN OUERS KONTAKNOMMER